

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005
OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AARDRYKSKUNDE SG
(Tweede Vraestel: Kaart- en
Lugfotovertolking)**

TYD: 1½ uur

PUNTE: 60

HULPBRONMATERIAAL:

- ? Uittreksel van die topografiese kaart van Estcourt
- ? Uittreksel van die ortofotokaart van Estcourt

BENODIGDHEDE:

- Kandidate moet hulle eie instrumente voorsien en mag van ? standaard sakrekenaar en ? vergrootglas gebruik maak.

INSTRUKSIES:


- Beantwoord AL die vrae.
- In die geval van berekening moet **alle stappe** getoon word.
- Die hulpbronmateriaal (d.w.s. die topografiese kaart en die ortofotokaart) moet deur die skole ingeneem word vir hul eie verdere gebruik.
- Kandidate moet van hulle kennis van fisiese en menslike aardrykskunde gebruik maak om die vrae te beantwoord.
- Die ligging van verskynsels word soos volg aangetoon:
 - Hoofletters op die topografiese kaart
 - Syfers op die ortofotokaart

Die volgende Engelse terme met hul Afrikaanse vertalings verskyn op die topografiese kaart:

Boat club	- <i>Bootklub</i>	Nature Reserve	- <i>Natuurreservaat</i>
Boesmans River	- <i>Boesmansrivier</i>	Rail Route	- <i>Spoorroete</i>
Furrow / Canal	- <i>Voor / Kanaal</i>	Rifle Range	- <i>Skietbaan</i>
Landing Strip	- <i>Landingstrook</i>	Sewage Works	- <i>Rioolwerke</i>
Monument	- <i>Monument</i>	Weir	- <i>Stuwal / uitkeerwal</i>

VRAAG 1


Verwys na **Figuur 1**.



- 1.1 In watter provinsie is Estcourt geleë? (1)
 - 1.2 Noem enige TWEE provinsies aangrensend aan die een waarin Estcourt geleë is. (2)
 - 1.3 Benoem die hawe wat **1** gemerk is. Kies uit : Durban / Maputo / Richardsbaai / Oos-Londen. (1)
 - 1.4 Verskaf die nommer van die roete wat **2** gemerk is. Kies uit: N1 / N2 / N3 / N4. (1)
- [5]**

VRAAG 2

- 2.1 Op die diagram op die volgende bladsy word die kaartindeksverwysing van Estcourt aangetoon, naamlik 2929BB. Verskaf die volledige kaartindeksverwysing van die topografiese kaart direk noord van die Estcourtkart. (2)



- 2.2 Noem EEN voordeel van 'n ortofotokaart teenoor 'n topografiese kaart. (2)
- 2.3 Bereken die afstand van die spoorlyn vanaf die middel van die spoorwegstasie op Estcourt (ruit A8) in 'n noordwestelike rigting tot waar dit aan die rand van die kaart eindig. (3)
- 2.4 Watter buurdorp van Estcourt kan met hierdie spoorlyn bereik word? (1)
- 2.5 Meet die ware peiling vanaf punthoogte 1376 (ruit D7) na punthoogte 1292 (ruit B5). (2)
- 2.6 Verskaf die koördinaat van die Maritzmonument in ruit A9. (4)
- [14]**

VRAAG 3

- 3.1 Wat is die naam van die hoofrivier wat op die kaartgebied voorkom? (1)
- 3.2 Wat is die algemene vloerigting van hierdie rivier (Vraag 3.1)? (1)
- 3.3 Noem die algemene stroompatroon in ruit F6. (1)
- 3.4 Bestudeer die landvorme wat **O** (ruit G11), **P** (ruit B11) en **Q** (ruit A11) gemerk is.
- 3.4.1 Benoem die landvorme wat onderskeidelik as **O**, **P** en **Q** aangetoon is. 3x2=(6)
- 3.4.2 Uit watter tipe gesteentes behoort hierdie landvorme heel waarskynlik te bestaan? (1)
- [10]**

VRAAG 4

- 4.1 Kommersiële boerdery word hoofsaaklik in ruit C4 beoefen, terwyl bestaansboerdery hoofsaaklik in ruit F3 voorkom.
- 4.1.1 Beskryf kortliks EEN kenmerk van kommersiële boerdery soos dit in ruit C4 aangetref word. 1x2=(2)
- 4.1.2 Beskryf kortliks EEN kenmerk van bestaansboerdery soos dit in ruit F3 aangetref word. 1x2=(2)
- 4.1.3 Watter tipe nedersettingspatroon (kern óf geïsoleerd) kom onderskeidelik in ruit C4 en F3 voor? 2x2=(4)
- 4.2 Gronderosie kom algemeen voor in ruite A12, B12 en C12 op die topografiese kaart.
- 4.2.1 Wat is, volgens die topografiese kaart, mees waarskynlik die oorsaak van die gronderosie? 1x2=(2)
- 4.2.2 Hoe kan verdere grondverspoeling hier moontlik opgelos óf beperk word? 1x2=(2)
- [12]**

VRAAG 5

- 5.1 Verwys na ruit F4 op die topografiese kaart.
- 5.1.1 Wat is die naam van die nedersetting wat hier opgerig is? (1)
- 5.1.2 Wat is mees waarskynlik die rede waarom hierdie nedersetting 'n lineêre vorm toon? 1x2=(2)
- 5.2 Benoem die straatpatroon by **10** op die ortofotokaart. (2)
- 5.3 Noem TWEE nadele van hierdie straatpatroon (Vraag 5.2). 2x2=(4)
- 5.4 Die N3-deurpad gaan nie deur die middel van Estcourt nie. Dit hou voor- en nadele vir die dorp in.
- 5.4.1 Noem EEN voordeel. (2)
- 5.4.2 Noem EEN nadeel. (2)
- 5.5 Identifiseer die grondgebruik by elk van die volgende punte op die ortofotokaart:
- 5.5.1 11 (2)
- 5.5.2 12 (2)
- 5.5.3 13 (2)
- [19]**

TOTAAL: 60

EINDE